NUUSBRIEF # 1

14 JANUARIE 2016

NUUS VANAF DIE SINODALE KANTOOR

Algemene Jaarvergadering van die Emeritiforum

Die NG Sinode Hoëveld se Emeritiforum het sy Algemene Jaarvergadering op 2 Desember 2015 by die Sinodale Sentrum gehou.

Ds. Kobus Sandenbergh, Portefeuljeleier vir Predikantebegeleiding, het die emeriti leraars en hul gades by die vergadering verwelkom waarna hul terugvoer oor die werksaamhede van die Bestuurskomitee van die afgelope jaar ontvang het.

As in aanmerking geneem word dat die Forum uit 'n groep "nie-so-baie-jonges-nie" bestaan, dan het hulle goed gefunksioneer. Veel fisiese bedrywighede was daar nie, maar ernstige besprekings is wel gehou.

Tydens die Algemene Jaarvergadering is die Bestuurskomitee eenparig herkies om voort te gaan met die werk. Die komitee bestaan uit die verteenwoordigers van die Sinode en die volgende verkose lede: Drr RJ [Dolf] de Beer (Voorsitter), SM [Sampie] van Vuuren (Onder-Voorsitter); ds JAJ [Kosie] Loots.

Tydens die vergadering is daar ook 'n voorstel ontvang dat 'n handboek saamgestel word vir behandeling deur belydenisklasse in gemeentes. Ds Dirk Myburgh is versoek om sodanige voorstel te formuleer en aan die Bestuurskomitee voor te lê vir verdere bespreking.

Na afloop van die vergadering, is 'n heerlike middagete en goeie geselskap geniet.

ALLE EMERITI EN HUL GADES WORD HARTLIK UITGENOOI OM DIE JAARLIKSE VERGADERINGS VAN DIE EMERITIFORUM BY TE WOON.

★★★★★★★★★★

Predikantenuus...

Baie groot gelukwense aan dr. André Bartlett (Assessor van die NG Sinode Hoëveld) en sy familie wat gister 'n pragtige babadogtertjie ryker geword!

Ons het ook die blye nuus gehoor dat ds. Kobus Sandenbergh, Portefeuljeleier vir Predikantebegeleiding, oupa gaan word. Hartlik geluk!

Ds. Ernst Zeelie is as brugpredikant by NG Moedergemeente Nigel aangestel. Alle voorspoed word u toegewens!

★★★★★★★★★★

– SIEN DIE AANGEHEGTE DATUMLYS VIR 2016

TUTELA HOU WYDINGSDIENS VIR 2016

As daar nou een jaar is wat ons in Suid Afrika met groot onsekerheid aanpak, is dit waarskynlik 2016! Ekonomies was die Rand nog nooit so swak nie. In die media word druk gesprekke gevoer oor rassisme en die feit dat dit klaarblyklik steeds in landsburgers se harte leef. Geweldsmisdaad en korrupsie neem steeds toe. Sosiale, etiese en materiële armoede is sodanig deel van ons samelewing, dat ons dit amper as vanselfsprekend aanvaar.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Tutela weer sy jaarlikse *toewydingsdiens* op **Vrydag, 5 Februarie 2016 om 10h00 by die sinodale sentrum** reël. Ons poog om al die werknemers by die kerklike Tuistes vir Bejaardes, Kinderhuise en Gesinsorgkantore saam te bring vir 'n erediens waarin ons die Here se seën op die missionale diakonaat in die Hoëveld vra. By die geleenthede so aan die begin van elke jaar bid ons om wysheid sodat ons meer met minder kan doen. Ons bid ook vir die kerk en die lidmate en vir die armes en mense in nood. Dit raak 'n geleentheid waarin ons onsself toewy aan die Here en vra dat Hy ons volgens Sy wil in Sy diens sal gebruik.

Omdat die maatskaplike dienste wat Tutela lewer, niks anders as deel van die missionale diakonaat van die kerk is nie, nooi ons hiermee alle gemeentes binne die sinode van die Hoëveld om die wydingsdiens by te woon. Dit sal wonderlik wees as die diakonieë of kommissies van barmhartigheid van elke gemeente by die diens verteenwoordig sou kon word.

Laat weet asb. as daar iemand uit jou gemeente die wydingsdiens kan bywoon. Ons wil graag na die diens verversings geniet en getalle is daarom belangrik.

Groete en seën vir 2016.

DR. BOTHA VAN AARDE

NUUS VANUIT DIE ALGEMENE SINODE KANTOOR

➢ ALGEMENE SINODE 2015: NOTULE EN BESLUITEREGISTER

Die Notule en Besluiteregister van die afgelope Algemene Sinode is nou op die tuisblad van die NG Kerk beskikbaar.

Volg asseblief die volgende skakel om daarby uit te kom: http://ngkerk.org.za/wp/

➢ MATRIEKUITSLAE 2015

Die uitslae van 2015 se matriekuitslae is met gemengde reaksie deur die media en rolspelers ervaar.

Onderwysersvakbonde, beheerliggaamorganisasies en politieke partye het positief en negatief, kommentaar gelewer oor die matriekslaagsyfer wat met 5,1 persentasiepunte gedaal het.

Hoewel daar 'n daling was van die matriekslaagsyfer, het sowat 52 000 méér leerlinge die eksamen geslaag. In dié opsig het die deurvloeikoers verbeter, wat 'n aanduiding van vordering is. Daar was egter ook 'n afname in matrikulante wat met universiteitstoelating geslaag het, wat 'n refleksie is op die kwaliteit van die slaagsyfer.

Die NG Kerk wil eerstens aan sy jong lidmate wat dié eksamen suksesvol geslaag het, van harte gelukwens. Talle berigte is ontvang van jongmense wat uitsonderlik gepresteer het. Agter dié suksesverhale is daar toegewyde onderwysers en ondersteunende ouers en familie. Hulle deel in die suksesverhale en 'n besondere groot dank aan hulle.

Die gebede en beste wense van die NG Kerk vergesel ons jong lidmate vorentoe. Talle begin hulle skoolloopbane, talle gaan begin studeer, talle gaan egter ook in 'n tyd van groot werkloosheid probeer om iewers werk te vind. Mag julle almal sukses en voorspoed beleef en bo alles die genade, liefde en nabywees van Hom aan wie ons behoort, ervaar.

Gemeentes word vriendelik versoek om op Sondag, 14 Februarie 2016 voorbidding te doen vir die onderwys.

Dr Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Algemene Sinode NG Kerk

PUBLIKASIES

IN DIE FEBRUARIE-*LiG* LEER ONS VAN DIE LIEFDE: **Yolande Korkie** vertel van 'n liefde wat alles hoop en alles verdra. **Nadia Beukes** deel haar storie en haar liefde vir die lewe. En 'n **bekroonde wetenskaplike** vertel hoe haar liefde vir God haar werk dryf.

Lees ook:

- Wat sê jy vir jou kinders **as Oupa en Ouma skei?**
- **Raad vir terug hok toe** – vir ma's wat ver bly tot dié wat die hoërskool moet trotseer
- **Buitemuurs** – hoe vroeg is te vroeg, en hoeveel is te veel?

Verryk jou **huwelik** deur jou man se kommunikasie beter te verstaan. Verdiep jou verhouding met **jou kind deur hom sy eie drome** te laat ontdek.

KURSUSSE, KONFERENSIES EN SEMINARE

Excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING	**Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling vir predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening**

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening.

Die kursus word in die formaat van *nege blokke* (van 3 dae elk) oor *die loop van drie jaar* aangebied. Persone wat inskryf, *verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.*

Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R780-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (d.w.s. R2 340-00) of vir die hele kursus vooruit (d.w.s. R7 020-00) betaal word. Vir proponente en predikante in deeltydse poste word die kursus teen 'n spesiale verminderde koste van R550-00 per module aangebied (R1 650-00 per jaar, R4 950-00 vir die volle kursus).

Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (d.w.s. 60 punte per jaar).

Die drie modules wat in 2016 aangebied word, is die volgende:

- 19-21 April *Wie is ons? Oor ons Gereformeerde én algemeen Christelike identiteit*
- 26-28 Julie *Gemeentelike bestuur en leierskap*
- 25-27 Oktober *Wat maak ons met die Bybel? (Ou Testament)*

	"Die NG Kerk en selfdegeslagverhoudings" **Woensdag, 20 Januarie 2016** **09:00 – 17:00** **NG Gemeente Pretoria-Oosterlig**

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die bogenoemde dagkonferensie wat deur Excelsus in samewerking met Coram Deo aangebied word, by te woon.

Inleiding en historiese oorsig:
- Dr André Bartlett (hoof van Excelsus, UP)

Skrifgebruik en Skrifverstaan:
- Dr Danie Malan (NG Gemeente Kempton-Kruin)
- Dr James Kirkpatrick (NG Gemeente Suidoos-Pretoria)

Mediese perspektief: die biologie van seksualiteit:
- Prof Michael Pepper (Fakulteit Geneeskunde, UP)

Sielkundige perspektief: die mens as verhoudingswese:
- Dr Elmarie Mulder Craig (Seksuoloog, psigoterapeut en verhoudingskenner, Pretoria)

Die perspektief van gay/lesbiese/ex-gay lidmate:
- Dr Marietjie van Loggerenberg (pastorale terapeut, Pretoria) in gesprek met…

Kerkhistoriese perspektief:
- Prof Johan van der Merwe (Fakulteit Teologie, UP)

Koste: **R 350-00** p/p (verversings ingesluit)
(R170-00 p/p vir studente, emeriti en pensioenarisse)

VBO-punte: **6 punte**

Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 **voor 15 Januarie 2016** indien u die konferensie wil bywoon.

Vanweë die sluiting van die UP-kampus as gevolg van protesoptrede word telefoon- en epos-kommunikasie rondom volgende week se dagkonferensie tot 'n groot mate bemoeilik.

Belangstellendes kan steeds met Rika van Rensburg kontak maak by excelsus@up.ac.za of met André Bartlett by andre.bartlett.2015@gmail.com of 083 274 5745.

VAKATURES

1. PREDIKANT IN SINODALE DIENS: TEOLOGIESE NAVORSING - WES-EN-SUID-KAAPLAND SINODE

Die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland Sinode) maak die vakature vir 'n **Predikant in Sinodale Diens: Teologiese Navorsing** in die Diensgroep Toerusting (Stellenbosch) bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.

Aangeheg is meer inligting rakende verantwoordelikhede en vereistes.

Let asseblief op die **sluitingsdatum vir aansoeke: 29 Januarie 2016.**

2. VOLTYDSE MAATSKAPLIKE WERKER - TUTELA GESINSORG SUIKERBOS

Werksgebied: Nigel, Ring van Heidelberg

Aanstelling geskied op: **1 APRIL 2016**

VEREISTES VIR DIE POS:

- Geregistreerde Maatskaplike Werker by SACSSP met bewys van betaling van ledegeld.
- Kennis van kerklike maatskaplike dienste is 'n aanbeveling
- Uitgebreide kennis van alle maatskaplikewerkmetodes.
- Goeie administratiewe vaardighede.
- Rekenaarvaardigheid.
- Uitstekende kommunikasievaardighede in Engels en Afrikaans.
- Moet onafhanklik kan werk en funksioneer maar ook waar nodig as deel van 'n span kan werk.
- Geldige Kode 8 bestuurslisensie.
- Die bestuur behou hul die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 12 Februarie 2016

Stuur CV en aansoek aan:

Tutela Gesinsorg Suikerbos
E-pos: cmrnigel@mweb.co.za

NAVRAE:
Die Assistent Direkteur Tutela Maatskaplike Dienste
Me. Lourette van Heerden
Tel: 011 975 8220
E-pos: lourette@tutela.org.za

3. VOLTYDSE LERAAR (SENIOR JEUGBEDIENING) – NG GEMEENTE WELTEVREDEN

Posbeskrywing:

Aansoekers moet hulle in die Missionale kultuur van die gemeente kan tuisvoel en help om dit verder uit te bou. **Die fokus van die suksesvolle kandidaat se bediening sal wees om tieners en jongmense saam met hulle ouers en vriende te begelei op 'n reis van geloofsgroei en dissipelskap.** Verder sal dit behels om netwerke in die stad Johannesburg op te bou & om 'n geloofspad vir jongmense, hulle gesinne en vriende moontlik te maak.

Ons is oortuig dat die volgende bedieningsvaardighede die visie en roeping van die gemeente ondersteun:

- Die vaardigheid om die Bybel saam met die gemeente te lees en oop te wees om die werking van God (missio Dei) in Woord, gemeente en konteks te onderskei.
- Vaardighede om in 'n span saam te werk en dus prakties uiting te gee aan ons oortuiging dat ons 'n gemeenskap van liefde en inklusiwiteit is. Ons stel dus baie belang in kandidate se verstaan van liefde in 'n geloofsgemeenskap, en ook inklusiwiteit en gasvryheid.
- Die vaardigheid om transformasie te begelei, veral saam met jonger generasies. Ons stel belang in die kandidaat se verstaan van klimaatskepping en mentorskap, hoe begeleiding werk, en hoe dit veral op jonger generasies van toepassing is.
- Die vorming van netwerke om die geloofsreis van jongmense te ondersteun.

Ons sal graag wil hoor hoe kandidate hulle eie spiritualiteit beskryf.

Aansoekprosedure:

Gelegitimeerde leraars van die NG Kerk met 'n minimum bedieningservaring van 3 jaar in jeugwerk, kan aansoek doen deur die volgende aan die kerkraad voor te lê:

- 'n CV (nie langer as 4 bladsye nie) vergesel van drie referente met kontakbesonderhede, waarvan een 20 jaar of jonger moet wees.
- 'n Kort voorlegging van u siening van 'n bediening aan jonger generasies.
- 'n Opname van 'n onlangse preek
- 'n Video opname van 3 min (bekendstelling van jouself)

Aansoeke met 'n dekbrief kan gestuur word aan Mnr Jurie Ferreira (bestuurder@ngweltevreden.co.za)

Ons vier waardes moet in elkeen van ons bedienings sigbaar wees, nl.
~ Deernis aan weerloses
~ Elke generasie
~ Vreemde gasvryheid
~ Diep vriende

Rig navrae aan:

Jurie Ferreira (Gemeentebestuurder)	Ds Hettie Wessels (Spanleier)
011 475 5510	083 254 6833

Sluitingsdatum vir aansoeke: 17 Januarie 2016
Diensaanvaarding: Onderhandelbaar rondom 1 April 2016
Die vergoedingspakket word deur die riglyne van die Sinode Hoëveld bepaal, en daar is ruimte vir onderhandeling m.b.t. verblyf.

Die Kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die nuusbrief plaas.
Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!

BESOEK ONS OOK OP *FACEBOOK*

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD

VRYWARING

*Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** behels, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.*

***NUUS VANAF HOËVELD SINODE** plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.*

*Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.*

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.